

DIE INTERNASIONALE DAG VAN VREDE 2020: DIE STREWE NA “DIE AFRIKA WAT ONS WIL HÊ” DUUR VOORT

Craig Bailie*

In 1981 het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering (VNAV) 21 September tot Internasionale Dag van Vrede (“Vredesdag”) verklaar. Die dag word daaraan gewy om “die ideale van vrede sowel binne as tussen nasies en volkere te gedenk en te versterk”, en is die eerste keer in 1982 gevier.

Boonop het die VNAV in 2001 verklaar dat Vredesdag “voortaan as ’n dag van wêreldwye skietstilstand en geen geweld gevier moet word, ’n uitnodiging aan alle nasies en volkere om vir een hele dag hulle verskille opsy te skuif”.

Vredesdag 2020 vind sterk aansluiting by die Afrika-unie (AU) se jaartema, “[Silencing the guns](#)”.

’n Ambisieuse vredesagenda

Met die 50ste herdenking van die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE/AU) in Mei 2013 het die AU-vergadering die AU-kommissie opdrag gegee om ’n agenda vir Afrika se ontwikkeling oor die volgende 50 jaar op te stel. Die daaropvolgende werk het uitgeloop op [Agenda 2063](#) – ’n raamwerk vir die integrasie en ontwikkeling van Afrika, wat ook deur die VN erken en ondersteun word.

Die dokument sit sewe strewes uiteen vir “die Afrika wat ons wil hê”, waaronder “’n vreedsame en veilige Afrika”. Ooreenkomstig hierdie strewes sal Afrika teen 2063 “vry wees van gewapende konflik, terreur, ekstremisme, onverdraagsaamheid en geslagsgebaseerde geweld, wat ’n ernstige bedreiging vir menslike sekuriteit, vrede en ontwikkeling inhou”. Nog méér ambisieus is die AU-vergadering se verbintenis om pogings te bespoedig om “die gewere teen 2020 te laat stil raak deur sterker, gespreksgebaseerde konflikvoorkoming en -beslegting”.

Die vooruitsig op sukses

Met vanjaar se viering van die 39ste Internasionale Dag van Vrede, en die vinnig naderende sperdatum om die gewere te laat stil raak en “alle oorloë in Afrika te beëindig”, word die vasteland ongelukkig steeds in ’n groot mate deur gewelddadige konflik gekenmerk. In ’n aantal Afrikalande duur verskillende vorme van vyandigheid [hardnekkig voort](#).

Afrika is ook waar die [meeste kwesbare state](#) ter wêreld voorkom. Die regerings van hierdie lande is nie daartoe in staat om die vereiste omstandighede vir minimum menslike ontwikkeling te voorsien of te fasiliteer nie, wat die waarskynlikheid van gewelddadige konflik verhoog.

Daarbenewens ondergaan sekere streke in Afrika [demokratiese verval](#). Demokratiese agteruitgang kan ’n negatiewe invloed hê op geleenthede vir konflikbeslegting. Teen hierdie agtergrond het een [kommentator](#) tereg opgemerk: “Dit sal ’n wonderwerk verg om die gewere in Afrika te laat stil raak.”

Voortslepende konflik, staatskwesbaarheid en demokratiese verval is realiteite wat [heel moontlik vererger sal word](#) deur die koronaviruspandemie. Die virus het byvoorbeeld reeds ’n [negatiewe impak](#) op die vasteland se vredesendings.

Vredesendings in Afrika

Konflikvoorkoming, vredevestiging, vredesafdwinging, vredebou en vredebewaking is alles variante van die vredesendings wat as [noodsaaklik](#) vir Afrika se stabiliteit beskou word.

Afrika [was](#) en [is steeds](#) die bestemming van die oorgrote meerderheid VN-vredesendings. Gevolglik is die VN die kernspeler in vredesinisiatiewe op die vasteland. Nietemin is die AU ook al hoe meer betrokke by Afrika se konflikbestuursinisiatiewe onder die vaandel van “[Afrikaoplossings vir Afrikaprobleme](#)”, en veral sedert die inwerkingstelling van die AU se vrede-en-sekuriteitsraad in 2004.

Die militêre instelling en vrede in Afrika

VN- en AU-vredesendings maak staat op [troepe-ontplooiing](#) deur die onderskeie lidstate van dié organisasies. Weens sy wapenbesit en gespesialiseerde opleiding in geweldsuitoefening en -bestuur is die weermag 'n noodsaaklike komponent van vredesendings, wat verskeie [sekuriteitsverwante take](#) insluit, onder meer die beskerming van gewone burgers, dikwels in vyandige omgewings. Dieselfde kenmerke wat die weermag onontbeerlik maak vir vrede in vredesendings maak dit egter ook in [ander kontekste](#) 'n werktuig vir geweld.

Die voormalige VN-sekretaris-generaal Kofi Annan het eens verklaar: “Ons sal nie ontwikkeling hê sonder sekuriteit nie, ons sal nie sekuriteit hê sonder ontwikkeling nie, en ons sal nie één daarvan hê sonder respek vir menseregte nie.” Van ál die verskillende struikelblokke vir vrede, sekuriteit, ontwikkeling en menslike vryheid in Afrika, was die vasteland se gewapende magte nog altyd die prominentste, veral in hulle eie lande. Dít is deels 'n [nalatenskap van kolonialisme](#), en deels die gevolg van [swak leierskap](#) in postkoloniale Afrika.

Die [meerderheid](#) militêre staatsgrepe sedert 1952 het in Afrika plaasgevind. Waar dié staatsgrepe suksesvol was en die weermag daarná aan bewind gekom het, was hulle uiteindelik dikwels swakker regeerders as hulle burgerlike voorgangers. Trouens, menseregtevergrype en betrokkenheid by burgeroorloë is méér waarskynlik onder militêre bewind as onder burgerlike diktatorskap.

Waar die vasteland se weermagte onder burgerlike beheer bly, is die regerende elite weer dikwels meer begaan oor die sekuriteit van hulle bewind as oor die skep van nasionale samehang, menslike sekuriteit en vrede, en word militêre mag dikwels onder hulle toesig teen burgerlikes misbruik. Onder die etlike hedendaagse voorbeelde hiervan tel sommige van Afrika se voorste [ontvangers van buitelandse militêre bystand](#) van die Verenigde State van Amerika (VSA).

Die hernude militarisering van Afrika

Die VSA is nie die enigste skenker van buitelandse militêre bystand aan Afrikastate nie. Ander groot wêreldmoondhede wat die vasteland ondersteun, sluit [China](#) en [Rusland](#) in. Militêre bystand behels byvoorbeeld finansiering vir vredesendings, die voorsiening van militêre toerusting, en die opleiding van die vasteland se weermagpersoneel.

Ten minste [13 buitelandse weermagte](#) het 'n teenwoordigheid in Afrika – getuienis van wat baie deesdae “[die nuwe stormloop om Afrika](#)” noem. [Theo Neethling](#), 'n kenner van internasionale betrekkinge, het onlangs geskryf oor die stormloop om weermagbasisse in Afrika te vestig. Buitelandse beweegredes vir die bou van dié basisse sluit in die bestryding van terreur en seeroof, die beskerming van kommersiële belange, en die uitbreiding van mag te midde van toenemende wêreldwye mededinging. Boonop vervul privaat militêre en veiligheidsmaatskappye 'n al hoe groter [rol](#) op die vasteland.

Hierdie ontwikkelings kom neer op 'n hernude militarisering van Afrika, wat ná die terreuraanvalle van 11 September begin het. Militarisering prioritiseer weermaggerigte oplossings vir knelpunte in staatsbestuur – 'n besonder [aantreklike opsie](#) vir Afrikabewinde wat nie bereid is om inklusief te regeer nie en boonop oor gewillige borge beskik.

Te midde van [voortselepende vergrype](#) deur baie van Afrika se gewapende magte is die voortgesette militarisering van Afrika kommerwekkend vir die vasteland se vrede en sekuriteit, en stel dit die vredesideale wat in Agenda 2063 verskyn en op Internasionale Vredesdag gevier word verder in gevaar.

***Craig Bailie is 'n dosent in Politieke Wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch se Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie.**